26 Mei

Uitgawe 2010/05/26

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Enige gebed, enige smeking wat enigeen van u hele volk Israel sal doen, as elkeen die plaag van sy hart ken, sodat hy sy hande na hierdie huis toe uitbrei— wil U dan hoor in die hemel, u vaste woonplek, en vergewe en handel en aan elkeen gee volgens sy weë, U wat sy hart ken—want U alleen ken die hart van al die mensekinders— sodat hulle U kan vrees al die dae wat hulle leef. (**1 Kon.8:38-39**). God se naam is waardig om gevrees en aanbid te word. Gelowiges het nou 'n tyd van verootmoediging voor God deurgegaan en na Hom uitgeroep om Sy Gees op almal uit te stort. Ons ervaar die vryheid van vergifnis, laat ons dan aanhoudend die grootheid van God se naam proklameer sodat elke taal, volk en nasie Sy naam kan vrees. ***Hemelse Vader, mag U naam geheilig word soos ons U vergifnis uitleef. Dankie vir U vergifnis en genade oor die nasies.***

Deurbraak : Grootste gebedsbyeenkoms ooit

Daar word beraam dat meer as 400 miljoen gelowiges regoor die wêreld aan die wêreld biddag deelgeneem het. ***Dank die Here vir wat Hy in gemeenskappe, lande en in die harte van mense gedoen het. Bid dat gebed sal voortduur in al hierdie lande en dat mense sal aanhou om God se aangesig te soek.***

Bid vir jou gemeenskap : 90 Dae van Seën

Die *90 Days of Blessing* volg na die Wêreld biddag as 'n geleentheid vir Christene om nie net vol te hou in konstante gebed nie, maar ook om antwoorde op hul eie gebede te wees. Dit is 'n uitstekende geleentheid om jeug en kinders uit te daag om na verwaarloosde plekke te gaan om te bid en van diens te wees. Vir die volgende neëntig dae, spreek 'n seën uit oor jou gemeenskap en doen iets prakties om jou gemeenskap te seën. Om die gebedsgids af te laai besoek http://www.globaldayofprayer.com/90days_guide.html. (Webruimte: http://www.globaldayofprayer.com, 25/05/10). ***Bid dat God die harte sal aanraak van persone deur gelowiges wat aan hierdie inisiatief deelneem. Vra God om die begeerte in jongmense se harte te bring om andere te seën.***

Suid-Afrika : Vervoerbedryf staking

'n Staking in die vervoerbedryf van Suid-Afrika vir die afgelope drie weke, het daartoe gelei wat boere alreeds meer as R1 biljoen verloor het en wat geweldige druk plaas op die werkers van die landboubedryf. Die landboubedryf het reeds meer as 100 000 werksgeleenthede afgeskaf in die laaste jaar en slegs 30 000 is geskep in die eerste kwartaal. Hierdie werksgeleenthede word bedreig omdat die landboubedryf se produksie afgeneem het. (Webruimte: http://www.busrep.co.za/index.php?fArticleId=5483291, 24/05/10). ***Roep uit na God dat 'n oplossing binnekort gevind sal word. Bid vir die persone wat vrees om hul werk te verloor en moontlik nie meer vir hul families kan sorg nie. Bid vir die ministers en ander leiers, dat God aan hulle wysheid sal skenk oor hoe om hierdie situasie op te los so gou moontlik.***

Internasionaal : Kinders in Nood

Regoor die wêreld, is projekte en netwerke wat deur *Viva* ondersteun word, asook kerke en organisasies en individue besig om voor te berei vir die *World Weekend of Prayer for Children at Risk,* wat plaasvind 5-6 Junie. Alhoewel dit 'n geleentheid is vir persone om alle situasies wat ons kinders raak voor God te bring, is dit ook 'n geleentheid vir kinders om oor hul regte praat, in publieke gebedsbyeenkomste in stede en lofprysingsgeleenthede. (E-pos: pray@viva.org, 10/05/10). ***Bid vir die projekte en netwerke wat geleenthede gaan loods oor die naweek waar gelowiges kan bid. Bid dat beplanning seepglad sal verloop, dat alle finansies gedek sal wees en dat baie kinders dit sal bywoon. Bid dat hierdie byeenkomste suksesvol sal wees; bid dat kinders in nood sal besef dat hulle kosbaar is in God se oë, dat Hy na hulle luister en hul gebede beantwoord. Bid dat God in krag sal kom, gebede sal beantwoord en 'n tasbare verskil in kinders se lewens sal maak. Bid vir byeenkomste wat plaasvind in VN, die VS en elders. Bid dat persone wat meer bevoorreg is bewus sal word van kinders in en buite hul gemeenskappe, en dat hulle gemotiveerd sal bly om regdeur die jaar te bid.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com